


# a is vir appel





Maak eers 'n ronde appel om te eet, moet van die lyntjie nie vergeet.




# b is vir bal








Bennie bal
bons van bo
en onder
en maak 'n
boep.




By die SEE
sien ek golfies
wat krul soos
die letter “c”.





# d is vir dam





Die padda spring in die dam en swem dan in 'n sirkel, want hy kan kan kan.





# e is vir emmer

Emmertjie
emmertjie gaan
eers dwars. Maak
dan 'n draai.  Nou
gaan ons jou met
sand laai laai laai.




# f vir fiets







Die fiets ry
om die
draaitjie.
Af by die
straatjie.
Vergeet
nie die
sypaadjie.





# g vir gans

Maak eers die ogie van die gans. Gee die stertjie 'n kans.

# h vir hen




Hettie hen
loop na haar
nes. Af by die
paadjie en
terug om die
draaitjie.









# i vir ink

Trek eers jou lyntjie en dan jou puntjie.










# j vir jas


'n Jas in die kas. Reguit lyn af. Onder is 'n krul en bo-op is 'n kleine nul.

# k vir kat




Katjie maak sy ruggie reguit. Dis die hoek in die son wat hy soek.




# l vir lig



Laat jou liggie skyn. As jy wonder, trek 'n lyn van bo na onder.


# m vir muis




Missie muisie
loop reguit
af. Spring
twee keer
en giggel
elke keer.





# n vir nes




Nessie Nessie
af en op.
Maak ‘n draai
en af af af
tot op die
kuiken se kop.


Ollie otter so vet en rond. Begin bo. Gaan rond en rond.





# o vir otter

# p vir padda








Padda plons
woerts af.
Hy spring
weer op en
swaai om die
draai.

# q vir quiche

Die q is 'n
snaakse klank,
Dit lyk soos 'n
sirkel met 'n
plank.



Begin met 'n reguit lyn. Maak 'n hoepel klein waar die reënboog skyn.




**r vir reënboog**


# s vir slang

Sarel slang seil
met draaie en
swaaie,
maar vir
ons gaan
hy nie
vang.






# t vir tier





Reguit af,
maak ‘n
stertjie
klein en ‘n
dakkie fyn.


# u in bus

Bus ry af met 'n swaai en maak 'n draai. Hy ry dan reguit af, hy is al te fraai.






# v vir vis





Die vissie swem skuins af en dan skuins op. Kom ons hou hom dop.


# w vir wurm




Willie wurm
wriemel af
en op.
Weer af en
op en dan
stop.



Maak 'n strepie af so skuins en dan 'n maatjie wat hom kruis.








# y vir ysbeer

Die ysbeer
gly om die
draai, weer
af en maak
dan 'n
swaai.








Die by zoem
na regs,
skuins af en
dan weer
vinnig regs.